NORTHERN CAPE PROVINCE

PROFENSI YA KAPA-BOKONE

NOORD-KAAP PROVINSIE

IPHONDO LOMNTLA KOLONI

EXTRAORDINARY • BUITENGEWONE

Provincial Gazette
Kasete ya Profensi

iGazethi YePhondo
Provinsiale Koerant

Vol. 18 **KIMBERLEY,** 20 JUNE / JUNIE 2011 **No. 1526**

IMPORTANT NOTICE

The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.

Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.

CONTENTS · INHOUD

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	ALGEMENE KENNISGEWING		
53	Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (32/2000): !Kheis Munisipaliteit: Verordening op Tariewe, Kredietbeheer en Skuldinvordering	3	1526

ALGEMENE KENNISGEWING

KENNISGEWING 53 VAN 2011

!KHEIS MUNISIPALITEIT

VERORDENING OP TARIEWE, KREDIETBEHEER

EN SKULDINVORDERING

VERORDENING No. 2 / 2010 – 2011

Ten einde gevolg te gee aan die Munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid en die implementering en uitvoering daarvan soos vereis deur artikel 98 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 2000 (Wet 32 van 2000) en om gevolg te gee aan die plig wat artikel 96 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000 plaas om alle gelde wat aan die Munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is, in te vorder, neem !Kheis Munisipaliteit hiermee ingevolge artikel 75 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) en artikel 156(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) sy tariefbeleid, kredietbeheer – en skuldinvorderingsbeleid aan:

Om voorsiening te maak vir die implementering en uitvoering van sy beleide rakende tariewe, kredietbeheer en skuldinvordening deur die !Kheis munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die !Kheis munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"die Wet" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000); en

"Munisipaliteit" die **!Kheis munisipaliteit**.

"beleid" die Raad se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid.

"diens" enige diens wat deur die Raad gelewer word en ten opsigte waarvan 'n rekening gelewer word;

Implementering en uitvoering van beleide

2. (1) Behoudens artikel 3 en enige nasionale of provinsiale wetgewing wat plaaslike owerheidsfinansies reel, gee die Munisipaliteit gevolg aan –

(a) sy tariefbeleid;

(b) sy kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid,

Opgestel en aangeneem in ooreenstemming met, onderskeidelik, artikels 74 en 97 van die Wet, deur die beleide te implementeer en uit te voer.

(2) Iemand wat aanspraak maak op 'n korting of toegewing ooreenkomstig 'n beleid in subartikel (1) genome, verskaf die inligting vereis en voldoen aan die verpligtinge deur sodanige beleid opgelê.

Publikasie van beleide

3. 'n Beleid in artikel 2 genoem en enige wysiging daarop word in die Provinsiale Koerant gepubliseer.

Kort titel

4. Hierdie Verordening heet die Verordening op Tariewe, Kredietbeheer en Skuldinvordering, 2010-2011.